Dissipelskap: Deel 1

'n Dissipel leef oorwinnend

Fil. 4:13 "Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee"

My gebed vir jou is dat hierdie reis in die voetspore van Jesus 'n wonderlike geseënde reis sal wees. 'n Reis waarin jy sal groei as dissipel van Jesus.

Bepeinsingsvrae:

- Wat is jou definisie van 'n oorwinnaars lewe?
- Kom ons kyk na die Bybel se siening bogenoemde vraag: Deut. 20:4, Ps. 18:34, Ps. 118:15-16, Spr. 2:7-8, 1 Kor. 15:53-57; 1 Joh. 5:2, 5; 1 Kor. 10:13; Jes. 41:13; Matt. 19:26; Luk. 18:27; Fil. 4:13
- Hoe is die elkeen van die teksgedeeltes op jou van toepassing?
- Memoriseer hierdie week Fil. 4:13 en maak dit volledig deel van jou daaglike lewe.
- Watter belangrike dissipelskap beginsel staan vir jou uit in hierdie teksvers (Fil. 4:13)?
- Self Evaluering: Neem ek verantwoordelikheid vir my geestelike oorloë of laat ek dit alles oor aan God?
- Self Evaluering: Laat ek toe dat Christus my ondersteun en my krag gee?
- Self Evaluering: Daar is oorwinning vir die wat opreg leef. Leef ek opreg?
- Self Evaluering: Is jy bang vir die dood? Indien wel, glo jy in die voltooide werk van Jesus met betrekking tot die dood? Wat dink jy moet jy doen om Christus te begin vertrou vir sy voltooide werk? *(Aan die kruis het Hy gesê: "Dit is volbring")*
- Self Evaluering: Wat beteken dit volgens jou om 'n oorwinnaar te wees en hoe kan jy een wees?
- Self Evaluering: Word jy vandag versoek? Indien wel, hoe kan jy dit oorwin?
- Self Evaluering: Glo jy dat jy alles kan doen deur Christus wat jou krag gee?